



Berou: Wat is in 'n woord

Berou was nog altyd 'n lastige woord vir Christene en teoloë (om nie te onderskei nie!). Daar is verskillende beskouings oor die betekenis, vertaling en verhouding daarvan tot die ewige verlossing. Eindelik moet die betekenis van berou bepaal word deur gebruik en konteks, maar enige studie van berou moet met 'n bespreking van die woord op sigself begin.

Die samestelling van die woord

Die Afrikaanse woord *berou* is 'n vertaling van die Griekse woord *metanoia* (werkwoord = *metanoëō*). Die woord word gevorm uit twee woorde, *meta*, wat beteken *agterna* of *verandering*, en *noeō* wat beteken *om te dink* ('n vorm van die woord *nous*, of *gedagte*). Daarom stel die gevolglike woord die betekenis voor van *agterna-gedagte* of *'n verandering van gedagte*. Baie taalkundiges stem ooreen oor hierdie basiese definisie.

Die woord op sigself dui egter nie aan wat die bedoeling van die verandering van gedagte is nie. Dit word aan die konteks oorgelaat. In Bybelse tye is *metanoia* in algemene taal gebruik vir iemand wat sy gedagte in 'n nie-etiese sin oor 'n verskeidenheid van dinge verander. Daarom is berou 'n vloeibare woord wat sy finale definisie aan die konteks oorlaat, baie soos die woord *tien*, wat ons laat vra: "Tien waarvan?" In die Nuwe Testament sien ons voorbeelde van iemand wat van gedagte verander oor 'n sondige houding (Lukas 18:9-14), vrugtelose werke (Hebreërs 6:1), vertroue in heidense afgode (Handelinge 17:30), of God self (Handelinge 20:21).

Hoewel dit meestal met sonde vereenselwig word, is sonde nie altyd die bedoeling daarvan nie. Inderdaad word in die Koning James-weergawe van die Ou Testament die woord *berou* gewoonlik gebruik met verwysing na God wat berou gehad het, wat beteken dat dit nie outomaties verwys na droefheid of bekering van sonde nie.

Die vorming van die woord

Ons moet nie aanvaar dat twee stamwoorde wat gekoppel is om 'n derde woord te vorm, altyd die presiese en finale definisie daarvan gee nie. Die Griekse *ekklēsia* kom van *ek* (vanuit) en *klēsis* (geroep, van *kaleō* = om te roep). Daarom beteken dit letterlik die *uitgeroeptes*, maar ons vertaal dit gewoonlik as *vergadering* of *kerk*.

Die stamwoorde kan ons egter kosbare insig gee in die finale woord se ontwikkeling en betekenis. In die geval van *ekklēsia* is die kerk inderdaad gevorm uit diegene wat God uit die massa van die mensdom geroep het. 'n Ander voorbeeld, *homologeō*, kom van *homoios* (= dieselfde) en *legō* (= om te praat), daarom vertaal ons dit *om dieselfde ding te sê*, of saam te stem, te bely. Soos party mense weet gee *theopneustos*, van *theos* (= God) en *pneuma* (= gees/Gees, asem), ons *God-geblaas* of *inspirasie*. Of oorweeg *exagoraxō* van *ek* (vanuit) en *agoraxō* (om te koop), daarom *om te koop vanuit*, of *te verlos*. Nasporing van stambetekenis is baie nuttig vir, maar nie bepalend van, finale betekenis nie. Steeds is 'n woord se oorsprong nie toevallig nie, maar informatief. Daarom kan ons nie die vorming van *metanoia* ignoreer nie, wat aan ons die basiese definisie van *'n verandering van gedagte* gee.

Die vertaling van die woord

Ons begrip van *metanoia* word ook gehelp deur hoe die Hebreeuse woord *shu'b* (= om te draai [van iets], meer as 1000 keer in die Ou Testament gebruik) vertaal word. In die Griekse vertaling van die Ou Testament, genaamd die Septuagint, word dit gereeld vertaal met die Griekse woord *strephō* en sy

verskillende vorme. Dit word nooit met *metanoia* vertaal nie. As *metanoia* beteken om weg te draai van sonde, dan sou ons verwag dat dit die Hebreeuse woord vir *draai* (*shu[^]b*) minstens soms vertaal.

In die laat tweede eeu het die kerkvader Tertullianus geargumenteer die betekenis van “verandering van gedagte” is die beste vertaling vir *metanoia*. In dieselfde gees het Engelssprekende navorsers lank gekla daar is nie ’n goeie enkelwoordvertaling vir *metanoia* nie. Die Griekskundige A.T. Robertson het opgemerk: “Dit is ’n linguïstiese en teologiese tragedie dat ons moet aanhou om ‘berou’ vir *metanoia* te gebruik.” Die Engelse woord *repentance* het sy wortels in die Latynse woord *penitentia* wat op berou dui as droefheid, of nog erger die Katolieke leerstelling van boetedoening, waarin iemand se sonde vergewe word deur ’n priester se voorgeskrewe boetedoening. Berou moet nie gedefinieer word in terme van uiterlike optrede of jammerlike emosie nie. In die lig van hoe *metanoia* gevorm en gebruik is, lyk dit asof ’n goeie vertaling vandag ’n *verandering van gedagte* sou wees.

Maar daar kan ’n beter een wees. Wanneer ons ondersoek instel na wat Bybels bedoel word met *gees* (*nous*) vind ons dat dit soms gebruik word vir die innerlike oriëntasie en morele houding (sien Rom. 1:28; 7:23, 25; Ef. 4:17, 23; Kol. 2:18). Daarom is die gees, Bybels gesproke, nie altyd die suiwer intellek nie. Daarom sou die beste vertaling van *metanoia* wees *om tot inkeer te kom*. Dit verwys na ’n persoon se innerlike verandering van houding en morele rigting. Die Bybel ontleed nie die innerlike persoon sielkundig nie, maar laat dit daar.

Taalkundig vereis om tot inkeer te kom nie ’n gedragsverandering nie, hoewel dit is wat gewoonlik van ’n innerlike verandering verwag word. Die Bybel onderskei tussen die innerlike verandering van berou en die uiterlike gedrag wat dit motiveer. Dit is duidelik in die logiese vordering van innerlike berou tot uiterlike gedrag wat in Matteus 3:8/Lukas 3:8 en Handeling 26:20 genoem word, en in die onwaarskynlike scenario van iemand wat sy gedrag sewe keer in ’n dag verander in Lukas 17:3-4.

Die implikasies van die woord

Met betrekking tot ewige verlossing is inkeer nie ’n tweede stap of voorwaarde nie. Verlossing is altyd deur geloof in Christus alleen. Maar soms lyk dit of daar ’n oorvleueling is tussen geloof en tot inkeer kom (sien Mark 1:15; Luk 5:32; 24:47; Hand 11:18; 17:30, 34; 2 Pet 3:9). Aangesien geloof beteken jy is oortuig dis waar, is daar wanneer iemand tot inkeer kom (glo) ’n verandering van gees en hart. Berou is die meer algemene konsep, want iemand kan tot inkeer kom oor iets, selfs God of sonde, maar nie gered word nie. Wanneer iemand die evangelie glo, is hy oortuig van iets waarvan hy nie voorheen oortuig was nie, daarom het hy tot inkeer gekom oor wie Jesus is en wat Hy oor die ewige lewe beloof het, en sy eie toestand ten opsigte daarvan (sien Handeling 20:21). Geloof behels berou, maar berou behels nie altyd geloof nie.

Gevolgtrekking

In die algemeen is ’n goeie vertaling van *metanoia* *om tot inkeer te kom*. Maar aangesien dit lomp is, is ons waarskynlik gelaat met die woord *berou*. Dan word dit ons verantwoordelikheid om te verduidelik, op te helder en dit reg toe te pas. Sy presiese betekenis moet deur die konteks verhelder word. In ieder geval, is berou as ’n innerlike verandering geensins ’n daad wat verlossing verdien nie. Innerlike inkeer kan altyd van sy uiterlike handeling onderskei word, hoewel een die oorsaak van die ander is. In die prediking van die evangelie is *glo* vir seker die meer normatiewe, oorheersende en spesifieke woord wat gebruik moet word.